LAERSKOOL LOUIS LEIPOLDT

2 Maart 2020

Graad een Akademiese Kwartaalprogram (yskasbrief)

Geagte Ouers
Baie dankie vir u positiewe samewerking gedurende die eerste kwartaal.

Tema: Die weer

Week 1: 2 Maart tot 6 Maart

- Tuiswerk word Maandag gegee, handig asb Vrydag in. Onthou om te merk.
- Ons leer d aan.
- Lees elke dag. Leerders herken slegs aangeleerde hoof- en kleinletterklankies in die leesstuk (o, oo, s, a, aa, e, ee k, i, d, oe, ie)
- ***Bou weer brief 1 in woordboulêer – gebruik die uitgeknipte klankies in die flipfile. Hierdie is baie belangrike huiswerk.***
- ***Skryf en handskrif word geassesseer -Korrekte vorming van klanke is belangrik.***
- Getalname 1 tot 5
- Leerders moet vorentoe en agtertoe op ‘n getallelyn kan tel tot by 20, hulle moet in ewe, onewe en in 5’e kan tel.
- Meer en minder / plus en minus.
- Hoofrekene: Getalkombinasies van 1-5.
- ***Getalle, bewerkings en verwantskappe word geassesseer.***
- Engels: Story- Bedtime adventures – word klassikaal gedoen.
- Kuns: Herfsboom
- Lewensvaardigheid: Praat oor verskillende weersomstandighede.
- Winters en somersklere word behandel.

Week 2: 9 Maart tot 13 Maart

- Huiswerk word Maandag uitgegee, handig asb Vrydag in.
- Lees elke dag aangeleerde klanke in die leesstuk.
- Ons leer die m en die t aan.
- ***Bou asb elke dag woorde by die huis – maak seker dat u kind die aangeleerde klanke ken.(o, s, a, e, k, i, d, m, t)***
- Ons doen huisiesomme in die klas. Werk met plus en minus.
- Maak groepies van 2.
- Leerders werk elke dag met hul weerkaarte in die klas en lees dit.
- U kind moet asb vir die week elke dag se maksimum temperatuur weet.

Juffrou Ronell verjaar die 14de Maart en juffrou Yolanda die 15de Maart. Baie geluk juffrou Ronell en juffrou Yolanda.

- ***Tema: Feesdae***

Week 1 : 16 Maart tot 20 Maart

Ons stuur die boeke vir u huistoe. Gaan dit asb. deur, teken dit en stuur die volgende dag terug. Werkboek, rooi Wiskunde boek van die Onderwysdepartement, Engels en Lewensvaardigheid van die Departement en portefeuljelêer. Voorin is ‘n geplakte vormpie, teken asb. by Eerste Kwartaal. Leerders wat boeke by die huis vergeet, kan nie die dag aangaan met hul werk nie en daar is nie tyd vir inhaal nie.

Baie dankie vir u positiewe samewerking.

- Huiswerk gaan huistoe.
- Ons lees elke dag.
- Ons leer h- klank aan.
- Bou elke dag woorde by die huis.
- Hersiening en inskerping van alle aangeleerde werk word gedoen.
- Rapporte gaan Vrydag huistoe.

Skool sluit Vrydag 20 Maart om 10:00.

Daar sal geen wagklas wees nie.

Ons begin weer 31 Maart. Geniet die vakansie.

Graad een Personeel

Ons Leipie Ratte Rol Reg

Laerskool Louis Leipoldt